



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

10 JUNIE 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

## GEMEENTEBULLETIN

### EREDIENSTE

|       |           |             | 10 Junie         |    | 17 Junie         |    |
|-------|-----------|-------------|------------------|----|------------------|----|
| 09:00 | Kerk      | Oggenddiens | Dr. Hanekom      | 5  | Ds. Breytenbach  | I  |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Kotze        | 7  | Ds. Kotze        | 8  |
| 09:00 | Kapel     | Meditatief  | Philipp Dietmann | -  | Philipp Dietmann | -  |
| 09:00 | Grootaal  | Blokdiens   | Ds. Visagie      | -  | Geen diens       | -  |
| 18:00 | Kerk      | Jeugdiens   | Ds. Kotze        | -  | Ds. Duvenhage    | -  |
| 19:00 | Kapel     | Kruisdiens  | Ds. Visagie      | 13 | Ds. Breytenbach  | 11 |

#### OGGENDDIENS

'n Oorvloedige en vrugbare lewe  
Johannes 10 & 15

#### JEUGDIENS

Leef met passie  
(Joh. 1:12)

#### GESINSDIENS

Reik uit na mense  
in ons land en daar  
buite  
(Kol. 4:2-6)

#### BLOKDIENS

Nuwe wêreld –  
ou waarhede  
(Eks. 14, Jos. 1,  
Neh. 1,2)

#### KRUISDIENS

Luiwaard-aktiwisme  
of dissipelskap  
(2 Kor. 5:8)

### 'N NUWE LERAAR

Ds. René Potgieter van die NG Kerk Gamkavallei in Beaufort-Wes het die beroep na Stellenberg aanvaar. Sy sal op 29 Julie tydens 'n gesamentlike oggenddiens om 09:00 in die kerk bevestig word. Ons verwelkom graag vir René, haar man Dries, en twee seuns, Jaden en Joshua.

### VATVYF

20 Junie om 10:00 in die kleinsaal. Willie Engelbrecht, Ereveldwagter, kom gesels oor Nasionale Parke soos die Richtersveld. Hy is 'n vorige lidmaat van die gemeente en 'n kundige op die gebied. Almal is welkom. Geen Besprekings is nodig nie. Tee en verversings sal vanaf 09:30 bedien word.

### DEUROFFER VANDAG

**Kosprojek:** Stellenberg ondersteun verskeie gesinne en individue maandeliks met voedselhulp. Daar is tans 'n ernstige tekort aan nie-bederfbare kosprodukte.

## JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS: Begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPELIERS: Ontmoet 17:30 in lokale.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondag 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae om 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- UITREIKE: Alle info is op [www.stellenberg.co.za/jeugapp](http://www.stellenberg.co.za/jeugapp).
- UITREIKOPLEIDING EN BRAAI: 15 Julie 16:00 tot 20:30.

## DIE BERSIE-PROJEK

Ons het 3 000 komberse nodig vir die uitreike! Help ons asseblief deur 'n kombers te skenk (plaas dit in die bersie-krat in die voorportaal van die kerk) of maak 'n bydrae waarmee ons kombersies kan aankoop. Ons het 'n spesiale prys met Pep Stores beding. Donasies na: ABSA Spaarrekening, Jeugbediening, 928 759 2857, takkode 632005. Gebruik "Bersie" as verwysing.

## GROENTESOP VIR UITREIKE

Ons maak groentesop vir die komende uitreike bymekaar. Die sop word smiddae tydens uitreike opgewarm en saam met 'n broodjie aan kinders en bejaardes bedien. Bydraes van groentesop sal waardeer baie word. Omdat sop geneig is om vining suur te word, vra ons vriendelik dat die klaar gekookte sop so vining moontlik na dit afgekoel het, gevries word. Lewer dit ook in bevrore formaat by die kerkkantoor tussen 08:00 en 14:00 weeksdag, of by die jeugkantoor tussen 08:00 en 15:00 af.

## KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 & 3: Grootaal

Graad 4: Bover trek

Graad 5 - 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Grootaal

Graad 10: Jeuglokaal

Graad 11: Kleinsaal

## BREIGROEP

Die breigroep ontmoet weer op 11 Junie om 09:30 in die Markplein. Bring asseblief al jou klaar gebreide artikels vir die uitreike saam. Ons wil graag 'n foto neem.

Kontak Ria by  
083 519 0602 vir  
navrae.

## **SPREEKKAMER TE HUUR**

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het spreekkamerruimte te huur vir 'n Kliniese Sielkundige wat spesialiseer in speltherapie en evaluering van kinders. Kontak Rudolph van Schoor 082 854 4530.

## **NIE-BEDERFBARE KOSPRODUKTE**

Daar is steeds 'n groot behoefte aan nie-bederfbare kosprodukte. Maak asseblief 'n bydrae deur enige produkte soos koffie, tee, langlewemelk, suiker, blikkieskos, meel, pasta, rys, ens. bo-op die wit kas onder die trap in die voorportaal van die kerk te plaas.

## **MET LEEDWESE**

Ons neem afskeid van Norman Edward Kitley, gebore 20/04/1942 en oorlede op 01/06/2018. Norman was sedert 1972 'n lidmaat van Stellenberg. Ons meegevoel met Kathy, sy vrou van Nassausingel 24, wat hy agterlaat, asook Norman, sy seun en Rika, sy dogter. Sy roudiens was op Vrydag 8 Junie in die kerk gehou.

## **VAKANSIEPROGRAM**

'n Opwindende vakansieprogram met die tema *POWERLAB* word weer vir laerskoolmaats vanaf graad 1 tot 6 aangebied.

Maandag 2 Julie tot Donderdag 5 Julie vanaf 09:00 tot 12:00 in die saalkompleks.

Koste: R150 per kind.

Bespreek jou plek by Sunet: 021 975 1044/sunet@stellenberg.co.za

## **GELEENDE TAFELDOEKE**

'n Aantal van die gemeente se swart tafeldoeke is uitgeleen en is nog nie aan ons terugbesorg nie. Indien jy dalk van die tafeldoeke geleen en vergeet het om dit terug te bring, kontak asb. so gou moontlik vir Hanlie by hanlie@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## **EDELWEISS BYBELSTUDIE**

14 Junie om 15:00 en  
15:45

Handelinge 10

Petrus se eetgewoontes  
verander!

## **WOLSKENKINGS**

Ons vlytige breigroep  
benodig wolskenkings.  
Enige afvalwol is welkom.  
Gee asb. by die kerkkan-  
toor af. Kontantbydraes  
vir wol kan ook by die  
kerkkantoor inbetaal word,  
of EFT na ABSA, Tjek-  
rekening, 145 058 0011  
en gebruik "WOL" as ver-  
wysing.

## OMGEEVEILING 14 JUNIE

'n Veiling ten bate van die projekte van Stellenberg Omgeetrust word gehou op 14 Junie om 19:00 in die Markplein. Die trust is 'n Artikel 21-maatskappy, met die voordeel dat bydraes aftrekbaar van belasting is. Projekte wat reeds deur die trust aangepak is, sluit in die aankoop van 'n huis vir bejaardes in Ruyterwacht, die Echo-omgeehuis in Stellenberg ('n oorgangshuis vir jong meisies), 'n kleuterskool in Prins Albert, 'n huis in Kraaifontein vir kinders in nood (in samewerking met Shiloh), asook 'n hele aantal deurlopende voedingsprojekte. Indien u die veiling wil bywoon of wyn of 'n artikel/produk wil skenk wat opgeveil kan word, kontak asseblief vir Adri du Randt by 082 936 4804.

## UITREIKE

Ons eerste uitreikspan vertrek op 23 Junie. 150 Volwassenes en jongmense neem aan die uitreike deel. Ons vra dat lidmate asb. ernstig voorbidding vir dié groot projek sal doen. Ds. Why Duvenhage het die afgelope week al die uitreikplekke besoek om finale reëlings te tref.

Leeu-Gamka 23 Junie – 29 Junie

Prins Albert 30 Junie – 6 Julie

Beaufort-Wes 30 Junie – 6 Julie

Transkei (Bambisana) 30 Junie – 13 Julie

Calitzdorp 7 – 13 Julie

Mavusa 30 Junie – 13 Julie

## ONS HET DRINGEND HELPERS NODIG

- **Teetuin:** Indien jy bereid is om een keer per kwartaal met 'n diensbeurt by die teetuin te help, kontak asb. vir Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za).
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak vir Lindy by [lindy@stellenberg.co.za](mailto:lindy@stellenberg.co.za) Ons sekuriteitspan raak al kleiner. Ons het werklik hulp nodig.

### GEBEDSGROEPE

Maandag om 09:15  
Vrouebiduur in die  
gebedskamer.

Dinsdag om 19:00  
Gebedsbyeenkoms in die  
kapel.

Donderdae om 06:00  
Gebedsbyeenkoms vir  
mans in markplein.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied  
terapeutiese dienste.  
Kontak hulle gerus om 'n  
afspraak by enige van die  
volgende professionele  
persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator
- Musiekterapeut

021 976 8029  
[sos@stellenberg.co.za](mailto:sos@stellenberg.co.za)